



Graad R – Tuis jaar program

4de Kwartaal

Week 1:

- Maak 'n kamer donker. Maak 'n patron met 'n flits op die vloer en jou kind moet dit met sy voete volg. Maak ook syfers met die flits en hy/sy moet sê watter syfer dit is. Beweeg die flits vinnig rond en hy moet dit probeer vang.
- Die kind moet homself probeer balanseer op verskillende liggaamsdele bv. Balanseer op jou knie en vingers en die ander dele van jou liggaam mag nie aan die grond raak nie.
- Oefen om jou van te skryf.
- Jy is 'n robotman van Mars. Jy kan net twee woorde in Afrikaans praat, maar jy kan Afrikaans goed verstaan. Jy moet nou sê of die dinge wat gesê word reg of verkeerd is.
Honde het twee bene
Mense het vere op hulle koppe.
Katte kan krieket speel.
Die hond ry fiets.
Die baba drink melk.
Die kat blaf vir die muis.
Ek roer die suiker met my graaf.
Koppies en pierings word van hout gemaak.

Week 2:

- Teken met vetkryt op groot velle koerantpapier, die rook wat uit treine kom.
- Sê pot Sê dit weer, maar moenie “p” sê nie. Doen dieselfde met boek, man, doek, rok, tol, muis.
- Se die woorde agter Mamma aan. Sê nou watter woorde se middelklank is anders.
boek, man, doek
mal, bak, rok
leer, sit, bid, vis
tol, pen, rok, pot

Week 3:

- Oefen om jou skoenveters te bind.
- Oefen o die w-sigsag patroon te maak.
- Mamma teken 'n eenvoudige prentjie en wys dit vir jou. Kyk vir 'n paar sekondes daarna, neem weg en jy moet dit so teken.

Week 4:

- Skryf jou naam en van en tel in 2's tot 20.
- Skryf die getalle van 1 – 10.
- Sê vir mamma die dae van die week.
- Oefen weer om te huppel en op een been te spring.

Week 5:

- Lê op jou maag en druk jouself met jou arms op – herhaal die oefening 'n paar keer.
- Speel 'n relefoon speletjie. Sê die nommers net sos mamma dit sê:
6 1 5 2 4
1 2 4 7 8
3 8 5 2 9
5 9 2 9 6
- Herken jy nog 'n R1, 50c, 20c, 10, en 5c?
- Oefen die w-sigsag patroon en ook die hasie hop n patroon.